Ekonomiese Ontwikkelingsforum

Hoe gaan ons te werk

- 'n Groot verskeidenheid etniese volke maak deel uit van ons land se demografie, waarvan ons onafskeidbaar deel is. Almal is deur geskiedkundige gebeure saamgevoeg in 'n demokratiese bestel en soos die afgelope veertien (14) jaar ervaar is, gaan dit gepaard met unieke uitdagings. Die wette op gelyke indiensneming en swart bemagtiging, waarin daar geen spesiale vermelding, verwysing of voorsiening vir blanke mans gemaak word nie, word ingestel om herverdeling van rykdom aan voorheen benadeeldes te verseker . Nieteenstaande die feit of die beperkende optrede reg of verkeerd is, het dit 'n demoraliserende uitwerking op die blankes in ons land. Die bydrae deur Blankes gemaak om die land te bou tot 'n erfenis wat met trots nagelaat kan word, kan deur geen persoon in die land misken word nie. Blankes is huidig die grootste bydraers tot die staatskas en verdien inspraak tot eie taal, kultuur, opleiding, godsdiensvryheid en ekonomiese groei. Groot kundigheid, ondervinding en wysheid gaan ook deur miskenning verlore. Daarom moet daar meganismes geskep word om die onderbenutte arbeidsmag weer terug te kry op die vlak waar sy volle potensiaal gebruik kan word.

- Blankes oor die algemeen is hardwerkend, eerlik en leef met integriteit. Ons bou op – breek nie af nie. Waar ons leef is dit skoon, georden en met reëls wat almal navolg. Hierdie eienskappe maak ons trots en sterk.

- Ons wil alles doen binne bestaande wetgewing, sonder konfrontasie en konflik. Ons raak nie emosioneel betrokke nie, maar gebruik ons intelligensie en ekonomiese krag om verandering teweeg te bring en welvaart vir alle blankes te skep. Ons is opgevoede mense wat respek toon teenoor alle ander lewende wesens. Ons werk en leef saam. Ons neem ander in diens

en dryf handel met almal. Ons is vredesoekend, vredeliewend, vriendelik en behulpsaam. Ons is nie rassisties nie. Al verskil tussen gister en vandag, is die feit dat ons as Blankes deur ons Forum vir ons 'n plekkie in die son gaan beding deur saam te staan.

- Deur 'n kapitaalkragtige organisasie tot stand te laat kom, wat in die belang van Blankes sal funksioneer. Dit is 'n feit dat kapitaal in 'n groot mate van Blankes weerhou word. So ook word Blankes beperk wat betref toelating tot opvoedkundige instansies. Krediet is moeiliker bekombaar vir Blankes en studiebeurse is slegs vir die hoogsbegaafde blanke kind beskikbaar. Almal weet van begaafde blanke kinders wat nie eers toelating kry tot tersiêre opvoedkundige instansies nie. Die Forum wil 'n organisasie tot stand laat kom waar blankes kan aanklop vir finansiële hulp, bystand verleen kan word vir die oprigting van privaat, opvoedkundige instansies en ook kapitaal verkry kan word om mee te ding in die vrye mark. Blankes het in moeilike omstandighede Volkskas die lig laat sien, ons kan dit weer doen.

- Deur bystand te verleen om klein besighede tot stand te laat kom met die onderneming om werk aan Blankes te verskaf, kan grootskaalse werkskepping moontlik gemaak word om die toenemende werkloosheid onder ons Blankes te stuit. "BEE", vroeë aftrede, afleggingspakkette, ens, het daartoe gelei dat baie blankes vandag sonder werk is, of sit met 'n inkomste wat nie genoegsaam is nie. Werksgeleenthede vir jong blanke Suid-Afrikaners is baie beperk en veroorsaak groot pessimisme onder ons jongklomp. Daarvan getuig die jaarlikse uittog van jongmense uit ons land. Werkverskaffing kan op 'n slim manier gegenereer word sonder oortreding van die wet, wat sal bydrae om die steeds groter wordende agteruitgang van ons ekonomiese situasie te stuit.

- Deur nasionale en internasionale ekonomiese netwerke en verbintenisse te skep sodat daar vir die blanke 'n mark geskep word waarbinne blankes met mekaar kan handel dryf tot voordeel van almal. Deur ons netwerk word geweldig baie besigheidsgeleenthede, patente, ens. beskikbaar gestel aan al ons lede. Dit stel ons lid in staat om pro-aktief te handel en 'n voorsprong in die mark te verkry.

- Om met ekonomiese mag te kan protesteer teen die onbillike behandeling wat die Blanke huidiglik in ons land ervaar. Ons Blankes het tans geen platform waarvandaan ons met gesag van die regering kan verskil nie. Die enigste mag wat die Blankes nog het in die land, is ekonomiese mag. Deur saam te staan kan die Forum met 'n mandaat van sy lede by die regering protesteer om onregverdighede soos "BEE", ens., uit die weg te ruim. Om dit te bereik, is dit nodig dat elke blanke, lid word van die Forum. Deur middel van ons elektroniese kommunikasie na ons lede kan ons in 'n oogwink 'n gesamentlike besluit maak, soos bv. geld weerhou waar nodig om die regering kennis te laat neem van ons, ens.

- Die Ekonomiese Ontwikkelingforum bestaan uit lede wat 'n nominale maandelikse fooi betaal.Twee maatskappye is gestig. Die een- 'n artikel 21 maatskappy vir die doel van sosiale ontwikkeling - die Ekonomiese Ontwikkelingsforum - en 'n publieke maatskappy waarin lede aandele kan koop. Die maandelikse lidmaatskapfooi gaan aan die artikel 21-maatskappy vir die vestiging en instandhouding van 'n databasis en om 'n netwerk-kommunikasiekanaal via internet, e-pos, faks en sms-stelsel te vestig en te onderhou. Hierdie fasiliteite is alreeds beskikbaar en word met vrug gebruik. Lede skakel só op die vinnigste moontlike manier interaktief om besigheidsinisiatiewe maksimaal te benut. Fondse uit lidmaatskapfooie gaan ook aangewend word om op sosiale en maatskaplike vlak finansiële bystand te verleen aan ons lede.

- Die doelwit met die tweede Maatskappy is om ’n kapitaalkragtige organisasie tot stand te bring. Daarvoor word kapitaal verkry deur die verkoop van ‘n aandeelbelang. Dit word aangewend om in besigheidsprojekte te investeer met die doel om winste te genereer. Die koop van aandele is vergemaklik deur ‘n maandelikse afbetalingsreëling waardeur aandele teen ‘n minimumbedrag van R20,00 per maand gekoop kan word, afbetaalbaar oor vyf (5) jaar. So is dit vir almal moontlik gemaak om voordeel te kan trek uit die projek.

- Ons skep 'n platform waar lede onderling met mekaar kan handel dryf. Ons wil met trots noem dat die Forum sy babaskoene ontgroei het en alreeds sy eerste tree gegee het. Binnekort is hierdie stewige kabouter ‘n reus. Ons platform is alreeds gevestig en lede het toegang tot verskeie besigheids- en werkverskaffingsgeleenthede.

- Deur ons nasionale en internasionale verbintenisse verskaf ons aan lede toegang tot voorkeurmarkte en beleggingsmoontlikhede. Ons netwerk het verteenwoordiging in feitlik elke land in die wêreld en groot kundigheid en inligting word so verkry. Ons geniet groot internasionale steun en finansiële bystand is ook op dié wyse moontlik.

- Die hoofdoel van die Forum is om deur middel van onderhandeling te beding vir ‘n regverdiger bedeling vir ons blankes. Dit kan slegs behaal word deur aktiewe saamstaan- en ondersteuningsaksies van ons lede. As ons die ekonomiese mag van die Blankes kan kanaliseer deur die onderhandelingsmeganismes van die Forum, sal ons in die toekoms op ‘n vreedsame wyse, met gesag en sinvol, kan onderhandel met die regering, tot voordeel van almal.

“Eendrag maak mag” – geld steeds